5 MEI 2019

Gr R tot Gr 3

praktiese wysheid...

Kyk met **nuwe** oë!

Handelinge 9:1-20

voorbereiding

Neem saam:

'n Plakkaat vir oë toets

Komkommer of ronde watteskyfies en water

Gekleurde bladsye in ewegroot blokkies gesny om woordlose boekies mee te maak.

Onthou ook 'n krambinder.

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

bid **tyd**

gesels **tyd**

Ons het almal sintuie. Ons gebruik ons sintuie om die wêreld om ons te beleef en te verstaan. Ken jy dalk iemand wat blind of doof is? Iemand wat blind is kan niks meer om hom of haar raaksien nie. Maak vir 'n oomblik jou oë toe? Hoe lyk dit vir jou? Donker? Sou dit vir jou maklik wees om oor die weg te kom en heel dag niks te kan sien nie? Dit moet seker baie moeilik wees. Gelukkig kry mens gidshonde wat blinde mense help om te weet waar om te loop, of gawe mense wat mense wat siggestremd is te help en te lei. Hulle lees ook brail, dis 'n skrif waar klein knoppies uitstaan in die papier, en wanneer hulle met hulle vingers oor die knoppies voel, lees hulle wat daar staan. Of ken julle dalk iemand wat doof is en nie meer kan hoor nie. Druk jou ore toe? Hoe voel dit. Los weer die ore. Dit sal baie eensaam wees om niks te kan hoor nie, nie eens 'n mooi liedjie of voëltjies wat sing nie. Jy sal ook nie weet as iemand jou roep, tensy hulle reg voor jou staan nie. Mense wat doof is, gebruik handgebare om mee te praat.
Gee ook aan die kinders geleentheid om te vertel as hulle iemand ken wat dalk doof of blind is. Vra hulle uit hoe hulle dink daardie persoon voel en hoe hulle goed beleef.

Ons moet nooit ons sintuie sommer net as vanselfsprekend aanvaar nie, maar altyd ons sintuie mooi oppas. Wanneer mense agterkom hulle kan nie meer so mooi sien nie, gaan hulle oogarts toe en laat toets hulle oë. Wie was al by 'n oogarts.

gesels **tyd** (vervolg)

Kom ons speel vandag of ons by 'n oogarts is. *Maak 'n plakkaat met pyltjies op wat in verskillende rigtings wys. Laat daar groter en kleiner pyle wees dat dit soos 'n oogtoets by die oogarts gebruik kan word. Vra die kinders om te wys in watter rigting die pyl wys. Moenie te klein pyle gebruik dat iemand dalk dink hulle kan nie sien nie, of dat hulle 'n bril moet kry. Herinner hulle dat die slegs 'n speletjie is en net 'n oogarts hulle oë heeltemal kan toets.*

Nog 'n manier om ons oë mooi op te pas, is om komkommerskyfies of klam watteskyfies op ons oë te sit. Jou oë raak lekker koel onder die komkommer of watte. Jy kan so rukkie daarmee lê terwyl jou oë rus, en dan voel dit sommer lekker fris wanneer jy dit verwyder. *Indien die ruimte dit toelaat, laat die kinders plat lê met hulle oë toe, en sit komkommer of klam watteskyfies op hulle oë.*

sing **tyd**

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

Lied: Kyk hoe dat die voëltjies vlieg
Kyk hoe dat die voëltjies vlieg
Sommer so, hoog daar bo
God laat al die voëltjies vlieg
Hoog daar bo
Hy doen soveel meer vir my
Ek sal altyd dankbaar bly
En my nie bekommer nie
Hy's by my

Liedboek: Lied 540 Onthou jul nog
Onthou jul nog wie't lank terug
Die aarde goed gemaak
Ons God en Vader wat nooit slaap
Wat altyd oor ons waak
Vir mossies sorg Hy dag na dag
Vir lelies in die vlei
Vir ons het Hy sy Seun gestuur
Hoe lief het Hy vir my!

BYBEL tyd

Ons lees in die Bybel van ‘n man met die naam Saulus. Hy was ‘n wrede man wat almal vervolg het wat in Jesus geglo het. Hy het op ‘n keer ‘n brief van die hoëpriesters af gekry om almal wat in Jesus glo, te vang en in die tronk te laat opsluit. Almal was baie bang vir Saulus.

Maar Jesus is lief vir alle mense, en het gekom om vir almal se sonde dood te gaan en versoening by God te gee. Daarom het Jesus ‘n spesiale afspraak met Saulus gehad. Terwyl Saulus opad was Damaskus toe, versyn Jesus met ‘n baie helder lig aan Saulus en vra vir hom waarom hy vir Jesus vervolg. Saulus het groot geskrik en het besef dat dit die ware God van die heelal was wat met hom praat. Maar die lig was so helder dat dit sy oë verblind het. Jesus het vir Saulus gesê om na Damaskus toe te gaan en daar te wag. Saulus het die hele tyd gebid en met God gepraat. God het ook in ‘n droom met hom gepraat en gesê dat daar ‘n man met die naam Annanias sal kom en hom hande oplê. Hande oplê was om aan iemand te raak en vir hom te bid.

God het ook vir Annanias gesê om na Saulus toe te gaan. Annanias was maar skrikkerig, want hy het geweet hoe wreed Saulus is en dat Saulus mense wat lief is vir Jesus wil vang en in die tronk sit. Maar maats, God het in Saulus se hart gewerk en vir hom gewys dat God alle mense lief het en dat Sy liefde alle mense kan vry maak. En daarom het God ook vir Saulus ‘n nuwe naam kom gee, Paulus. Maar kom ons lees daarvan in die Bybel.
Lees vir die kinders die verhaal voor uit Hand.9:1-20

Toe Saulus verstaan dat Jesus ook vir hom lief is en dit nie net ‘n storie is wat die mense praat nie, het daar skille van sy oë afgeval. Hy het die wêreld anders begin sien.

Wanneer ek en jy vir Jesus kies, val daar nie skille van ons oë af nie, maar ons sal, hoe meer ons Bybel lees en verstaan wat God vir ons in die Bybel sê, alles met nuwe oë sien. Ons sal begin verstaan dat God se liefde vir ons, ons vir altyd verander. Wanneer ons na ander mense kyk, sal ons ook deur Jesus se bril van liefde na hulle kyk en anders teenoor almal optree. Ons sal gehoorsaam wees aan mamma en pappa, want ons weet God het mamma en pappa oor ons aangestel om ons te leer wat reg en verkeerd is. Ons sal ons maats help, want ons weet Jesus se liefde maak dat ek omgee vir ander mense. En ons sal altyd die waarheid praat, want Jesus leer ons om altyd die waarheid te praat.

Wil jy vandag vir Jesus vra om jou hart te verander en die skille van jou oë te laat afval? Bid dan saam met my hierdie gebed.:

Here Jesus, ek weet dat ek sonde in my lewe het. Dankie dat U reeds vir my lief was, toe ek nog vol sonde was. Here, ek is jammer dat ek nie altyd lewe soos u van my vra nie. Vergewe asseblief al my sonde. Help my om elke dag so te lewe, dat my lewe van U liefde sal vertel. Dankie dat U my skoon was. Dankie vir alles wat U gedoen het. Ek het u lief.
Amen

doen & leer tyd

Woordlose boekie:
Dalk kan jy nognie so goed lees nie, maar jy kan steed vir ander van Jesus vertel. Vandag maak ons ‘n boekie sonder woorde, want elke kleur vertel vir ons iets van Jesus se groot mag en krag.

Deel vir elke kind stukkies papier uit van die verskillende kleure. Laat hulle dit in volgorde sit en kram dit dan vas.
Geel/Goud – God het alles goed en volmaak gemaak.
Swart/vuil blad – Maar sonde het ons kom vervuil. My hart was vol van sonde voor Jesus my ontmoet
Wit – Jesus het my sonde kom wegwas en nou is ek witter as sneeu
Rooi – die rooi herinner my aan die bloed van Jesus aan die kruis wat my sonde weg was
Groen – groen laat ons dink aan bome en gras wat groei – so moet ons elke dag uit God se woord lees en groei in die Here en alles wat Hy vir ons leer in die Bybel
Blou – Dit laat dink ons aan die blou lug en die hemel, waar Jesus besig is om vir ons plek reg te maak om vir ewig by God te bly.

Gaan “lees” gerus vir die mense by die huis uit jou boekie sonder woorde.

groet tyd

Dankie Jesus dat U woord my leer hoe lief U vir my is. Gee dat in alles wat ek doen, mense sal kan sien dat ek U ook liefhet.

Amen



Maak jou eie woordlose boekie



Geel/Goud – God het alles goed en volmaak gemaak



Swart/vuil blad – Maar sonde het ons kom vervuil. My hart was vol van sonde voor Jesus my ontmoet

Wit – Jesus het my sonde kom wegwas en nou is ek witter as sneeu

Rooi – die rooi herinner my aan die bloed van Jesus aan die kruis wat my sonde weg was

Groen – groen laat ons dink aan bome en gras wat groei en so moet ons elke dag uit God se woord lees en groei in die Here en alles wat Hy vir ons leer in die Bybel

Blou – Dit laat dink ons aan die blou lug en die hemel, waar Jesus besig is om vir ons plek reg te maak om vir ewig by God te bly.